# 27 Februarie 2024 - Lesing 247 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die Ewige lig daal af na die aarde – 25/12/61

**No: 8068** Ek het vir julle gegee wat julle nodig het in die donkere nag toe Ek na die aarde neergedaal het: 'n Lig, wat vir julle die weg sou verlig na My, terug na julle Vaderhuis. Ek het My Seun na die aarde gestuur, **'n Siel van die lig,** wat helder geskyn het en die weg as 'n mens oor die aarde gegaan het,

Hierdie Kind het Sy weg begin as die kindjie JaHshua, welke dan geëindig het aan die kruis, sodat julle mense salig kon word. 'n Siel van die Lig het neergedaal in die duistere ryk van My teenstander **en Ek het Myself beliggaam in hierdie siel van die lig**, omdat die Mens JaHshua My, as die ewige Liefde, met al sy mag na Homself getrek het, omdat Hy My Self opgeneem het in Sy hart wat vol liefde was vir My en vir Sy medemens.

In die kindjie JaHshua het ‘n Ligsiel gaan skuil, wat wel afstand gedoen het van haar lig omdat sy as die Mens JaHshua midde onder die mense moes vertoef, maar wie ook vol liefde was en geen afstand gedoen van hierdie liefde nie, maar sy het in haarself sodanig toegeneem, sodat Hy vervul was van liefdeskrag, wonderwerke gedoen het en in alle wysheid onderrig gegee het op aarde.

Hy was 'n mens, want die doel van die mens JaHshua was om Sy medemens die weg te wys wat terugvoer na My, na die Vader, en om hierdie weg vir hulle voor te gaan en Self 'n lewe van liefde te lei, **die enigste manier wat die mense weer nader aan My gebring het, by die Liefde Self.**

Maar dit het gebeur volgens die reëls. 'n Menslike liggaam was nou bewoon deur ‘n siel. Maar Sy siel was ‘n siel van die lig. Tog was sy as mens aan dieselfde versoekings blootgestel as elke ander mens.

Maar omdat die siel van JaHshua vol van liefde was, het die liefde haar ook die krag gegee om die versoekings te weerstaan. Die lig het haarself opgeoffer. Dit wil sê: Die Mens JaHshua was by die begin van Sy aardse bestaan soos elke mens sonder kennis gewees, maar die liefde in Hom het Sy gees baie vining verlig. Die liefde in Hom straal spoedig helder lig uit, sodat JaHshua die groot nood van die mensdom ingesien het en ook die oorsaak daarvan, **wat in die oersonde van die mensdom gesoek moes word**.

Steeds meer neem die wysheid en krag in die Mens JaHshua toe, omdat die liefde Hom steeds meer vervul het, omdat Hy baie innig met My verbonde was en My liefdeskrag Hom heeltemaal kon deurstraal.

En Hy straal nou weer lig uit. Hy onderrig die mense in wysheid. Hy doen wonderwerke op grond van Sy mag, wat gefundeer was in Sy groot liefde. **Die Mens JaHshua het Homself vergeestelik gedurende Sy aardse lewenswandel,** omdat Sy liefde dit tot stand gebring het dat die liggaam homself gewillig aan die verlange van die siel onderwerp het, omdat liggaam en siel steeds dieselfde doel nagestreef het: Om die mense te help in hul nood, om geestelik en aards verlossend besig te wees. Hy genees siekes omdat Hy die krag van die liefde wou bewys en dit vir het eers aards tot uitdrukking gekom om hulle dan ook vir Homself te wen, omdat hulle Sy goddelike liefdesleer aangeneem het en hul bes gedoen het om Hom na te volg op die weg van die liefde.

Maar die mense was nog in die mag van My teenstander, wat hulle nie wou vrylaat nie en wat hulle in hul wil **op elke manier swakker gemaak het**.

En die Mens JaHshua wou hierdie mag van die teenstander breek, Hy wou hom oorwin met My krag, want die liefde in Hom was oppermagtig en deur hierdie liefde dwing Hy My om steeds meer van My Liefde te gee. **Hy het My, as die “Ewige Liefde” na Homself getrek en dus was Ek in Hom**. En in innigste verbinding met My het die Mens JaHshua die Verlossingsdaad volbring. Dit wil sê: As 'n mens het Hy die grootste pyne en kwellinge verduur, omdat die Liefde in Hom, - Ek self, - Hom die krag gegee het vir die Verlossingswerk. Dus het Hy as mens die stryd teen My teenstander gevoer en deur Sy dood aan die kruis het Hy die oorwinning behaal oor hom en oor die dood.

Wat voorheen vir mense onmoontlik was, naamlik om hulself vry te maak van sy mag, het vir hulle na die Verlossingswerk moontlik geword. Die Redder wat na die aarde neergedaal het, het vir die mense hulp gebring in hierdie groot nood. Maar dit kon slegs gebeur deur Liefde, en hierdie Liefde was Ek Self. Die feit dat 'Liefde’ ‘n menslike vorm gekies het vir Homself was nodig vanweë die mense, want hulle moes nou in JaHshua Hom herken in wie die goddelike volheid gemanifesteer het, want Ek kon nie Self vir die mense sigbaar wees nie en moes My daarom bedien van ‘n menslike omhulsel. En omdat hierdie Omhulsel slegs aan My deur ‘n siel van die lig aangebied kon word, was wederom verstaanbaar, omdat Ek nie in ‘n onsuiwer siel My intrek sou kon neem nie.

Tewens moes die menslike omhulsel die mense op aarde voorgaan op die weg wat Ek vir hulle in JaHshua voorberei het. En daarom moes die mens net so geaard gewees het soos elke ander mens, omdat die mense Hom andersins nie sou kon navolg nie. Die mense het egter steeds vir Hom Self, die goddelike Verlosser JaHshua Messias, as helper aan hulle sy, terwyl die Mens JaHshua slegs ‘n beroep doen op die krag van die Liefde – Wie Hom egter geheel en al vervul het, **sodat die Liefde die werk volbring het wat vir die mense verlossing beteken van sonde en dood**.

Steeds weer probeer Ek om hierdie misterie aan julle mense te openbaar. Maar julle sal slegs in staat wees om die volle omvang daarvan te begryp **wanneer julle julleself tot liefde verander het.** Dan sal dit ook lig in julle wees. Dan sal ook die goddelike liefdeslig julle weer deurstraal soos wat dit in die allereerste begin was en julle sal geluksalig wees. Amein.